

22 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 24:13-35

Fokusgedeelte: Lukas 24:32

Wees 'n brandstigter

Op Opstandingsondag loop Jesus saam met twee manne na die dorpie Emmaus. Hulle het Jesus nie herken nie, al was Hy onder hulle neuse. Hulle oë is deur hulle eie ongelooft verhoinder om Hom te herken (vs 16).

Jesus begin om aan hulle die Skrif *uit te lê* wat *op Hom* betrekking het. Hulle nooi Hom vir ete, maar Hy tree as die gasheer op. Hulle érken sy gesag, want Hy doen die huisbaas se werk. Hulle hérken hom egter nie, totdat hulle oë aan die etenstafel oopgaan. Die verhoindering is deur die Heilige Gees weggeneem. Jesus se woorde val nou vir hulle in plek. Hulle besef hulle harte het warm geword, gebrand, terwyl Hy met hulle gepraat het (vs 31-32).

Hulle insig het met die *Skrifuitleg* van Jesus begin, maar die *Heilige Gees* moes die gordyn voor hulle oë wegtrek en hulle ongelooft in geloof verander. Om Jesus te herken in ons lewens, moet ons harte brand deur die *Woord* en die *Gees*. Hoe voel jou hart, brand hy?

Wanneer iets brand, probeer ons dit blus! Harte wat deur die Woord en Gees brand, mag nie geblus word nie. Ons moet eerder ons brandende harte soos 'n veldbrand laat versprei. Die manne van Emmaus het dadelik begin vertel wat gebeur het. So tree mense op wie se harte brand. Jy word 'n brandstigter in ander harte.

As jou hart brand van die Woord en die Gees, is die vraag: Hoeveel ander harte het jy al aan die brand gesteek?

Sing: Psalm 119:39, 50 Ds AP Tredoux (Vaalpark)